


Sierrandjies om



RANDJIE MET GEVLEGTE VOORKOMS

AFKORTINGS

ks — kettingsteek; glst —
glipsteek; kb — kortbeentjie; lb
— langbeentjie; herh — herhaal;
st(e) — steek(e).

Hekel ry ks so lank as wat
benodig word en las met glst om
sirkel te vorm.

1e Ry: 1 kb in elke ks.

2e Ry: * 1 lb, 2 ks, slaan 1 st
oor *

3e Ry: * glst op 1 lb van vorige
ry, 4 ks, 1 drievoudige klein
lussie (3 ks en 1 glst in dieselfde
st 3 keer), 3 ks, slaan 1 lb oor.
Herh van *.

te hekel

'n Eenvoudige lappie met 'n mooi gehekelde randjie lyk altyd vrolik en baie duurder as wat dit werklik kos. Gebruik hulle as tafelmatjies of op die spieëltafel. Hier is vier verskillende patrone om uit te kies




KLAWERBLAARRANDJIE


Hekel ry ks so lank as wat nodig is.

1e Ry: Alles in kb.

2e Ry: * In 1 st hekel 1 lb, 2 ks (4 keer). Na 4e lb hekel 4 ks in plaas van 2 ks, slaan 4 ste oor, in 5e basissteek hekel 1 glst, 4 ks. Herh van *

3e Ry: * In ks wat eerste 2 lb skei, hekel 1 glst, 4 lb, 1 glst. Hekel ook dieselfde in ks tussen 2e en 3e lb en tussen 3e en 4e lb. Hekel dan 3 ks en las met 1 glst oor glst van vorige ry, 3 ks. Herh van *





HELDERROOI RANDJIE MET LUSSIES EN PUNTJIES

Begin met 5 ks en las met glst om ring te vorm.
Hekel in ring 1 kb, 6 lb, 4 ks, 1 kb, draai.

* In bogie van 4 ks hekel 1 kb, 6 lb, 4 ks, 1 kb *, draai. Herh van * tot * vir lengte wat verlang word.



RNDOMTALIEPATROON

Hekel ry ks so lank as wat nodig is.

1e Ry: * 7 lb, slaan 1 ks oor, 1 glst, slaan 1 ks oor. Herh van *.
2e Ry: Draai werk om en hekel

dan * 7 lb in dieselfde ks waar vorige 7 lb gehekel is, maar aan teenoorgestelde kant, slaan 1 ks oor, 1 glst oor glst van vorige ry, slaan 1 st oor. Herh van *.

